Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde

Verwysing: 20160201-7191
13/2/8/12
Navrae: L B Shasha

Omsendbrief:0006/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en koshuise (onderwyskolleges uitgesluit)

Kort opsomming: *Verhoging in die bedrae betaalbaar vir verblyf-, vervoer- en privaat losiesbeurse, en personeelsubsidies aan koshuise en skole.*

Onderwerp: Verhoging in die bedrae betaalbaar vir verblyf-, vervoer-, en privaat losiesbeurse en personeelsubsidies aan koshuise en skole

1. Goedkeuring is verleen vir 'n verhoging van die volgende beurse met ingang van **01 April 2016:**

1.1 Die maksimum losiesbeurse wat aan behoeftige leerders in koshuise verbonde aan gewone openbare skole betaalbaar is, is van R7 314.00 tot R7 767.00 per leerder per jaar verhoog.

1.2 Die maksimum privaatlosies- en vervoerbeurse wat aan behoeftige leerders in die Weskus, Kaapse Wynland, Eden en Sentraal-Karoo en Overberg onderwysdistrikte betaalbaar is, is van R1 706.00 tot R1 811.00 per leerder per jaar verhoog.

L.W. – Al die bogenoemde beurse word bereken volgens die goedgekeurde middeletoets (sien IBBB-minuut 0016/2011) en kriteria, soos uiteengesit in Omsendbrief 0143/1998 van 06 November 1998 en Omsendbrief 0029/2001 van 13 Maart 2001.

2. Goedkeurig is ook verleen vir die verhoging van die volgende personeelsubsidies met ingang van **01 April 2016:**

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
tel: +27 21 467 2770 faks: +086 623 37 44
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

2.1 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skole met 'n inskrywingstal van minder as 201 leerders, vir die aanstelling van administratiewe en algemene dienspersoneel, is verhoog van R490.00 tot R520.00 per leerder per jaar.

2.2 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skoolkoshuise met 'n inskrywingstal van minder as 50 koshuisgangers, vir die aanstelling van personeel, is verhoog van R7 314.00 tot R7 767.00 per leerder per jaar.

2.3 Die personeelsubsidie betaalbaar aan kerk- of privaat koshuise, vir die aanstelling van administratiewe en skoonmaakdienspersoneel, is van R1 709.00 tot R1 815.00 per leerder per jaar verhoog.

3. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van lede van die beheerliggaam en alle belanghebbendes.

GETEKEN: P A VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-02-05